BOEKBESPREKINGS

KÖNIG, A. 1991. Bondgenoot en beeld: Oor die wese van die mens en die sonde. Gelowig nagedink. Deel 4. Hersiene Uitgawe.
Pretoria : NG Kerkboekhandel 1988 (Edms) Bpk. 250 p. Prys: R45,41 + BTW.

Resensent: Dr. Paul Kruger (Geref. Kerk Meyerspark, Pretoria)

Met hierdie werk lewer die bekende sistematiese teoloog van UNISA, dr. Adrio König, 'n verdere bydrae tot sy reeks dogmatiese studies wat die oorhoofse titel, *Gelowig nagedink* dra. As eerste deel in die reeks het 'n boek oor die Godsleer verskyn; daarna 'n publikasie oor die eskatologie. Direk voorafgaande aan hierdie deel het die skrywer aan die skeppingsleer aandag gegee. Blykens die ondertitel handel Deel 4 oor die antropologie en hamartiologie. Die bedoeling is egter nie dat hierdie tematiek volledig in één band behandel sal word nie. Die laaste paragraaf van die verhandeling ("In plaas van 'n inleiding") gee juis iets van 'n verantwoording daarvoor dat die huidige deel op die "basiese uitgangspunt" in verband met mens- en sondeleer toespits, terwyl die volgende deel 'n groter konkretisering (byvoorbeeld oor sonde in die samelewing) sal bevat.

Uit die opbou van die publikasie is dit duidelik dat die wese van die mens in 'n eerste afdeling aan die orde kom, terwyl die wese van die sonde dan in samehang daarmee, maar tog duidelik in 'n eie afdeling onderskeie, getematiseer word. Die vraag na die wesenlike van die mens probeer die skrywer in vyf agtereenvolgende hoofstukke beantwoord. Hy handel oor die mens as verhoudingswese, verbondsmens en beeld van God. Daarna kom 'n hoofstuk wat fundamenteel is vir die skrywer se antropologie: oor die fundering en normering van die mensbeskouing. Bespreking van 'n paar vername eienskappe van die mens (liefde, vryheid, dankbaarheid, vreugde, hoop) sluit die eerste afdeling af.

Wat die afdeling oor die sondeleer betref, begin die skrywer deur te erken dat sy saamgroepering van die mens- en sondeleer in een boek 'n prinsipiële beslissing behels wat afwyk van verskillende tradisionele benaderings (p. 108). Die sonde is sinloos; dit het nie 'n oorsprong nie: slegs 'n onverklaarbare begin - en wel in die mens.

> Ons moet dus ophou om te probeer verduidelik dat God tog die sonde op een of ander manier gewil of beplan het. Dit ontneem God sy morele reg om dit te veroordeel. Op 'n onverklaarbare wyse het die sonde eenvoudig begin in Adam se lewe, en net so onverklaarbaar

> en sinloos is die sonde in ons eie lewe. Ook die erfsonde verklaar nie waarom ons sonde doen nie. Dit is 'n belydenis dat ons onder God se oordeel staan omdat ons 'n deel het aan die gemeenskaplike sonde van die mensdom. (p. 127.)

Vanuit hierdie belangrike vertrekpunt word verskillende aspekte van die sonde en vryheid, erfsonde, gradering van die sonde en die sonde teen die Heilige Gees bespreek (hoofstuk 6). Daarby word onder meer aansluiting gesoek by waardevolle analises van Berkouwer. Die uitspraak dat "(m)in teoloë ... ooit so oortuigend oor die sinloosheid van die sonde geskryf (het) as juis Berkouwer" (p. 127) kan inderdaad onderskryf word!

In 'n voortdurende gesprek met veral Augustinus en Barth trag die skrywer om in die sewende hoofstuk hoogmoed en begeerte as tradisionele kernbegrippe vir sonde binne 'n wyer spektrum van kernaanduidings te plaas (byvoorbeeld ook liefdeloosheid, ongehoorsaamheid en traagheid). Voordat die gevolge van die sonde in die laaste hoofstuk behandel word, word in hoofstuk agt 'n verklaring van Genesis 3 en 4 gegee. Hy laat die klem daarop val dat sonde in hierdie Skrifgedeeltes nie alleen teen God is nie maar ook teen ander mense.

Enige evaluering van standpunte in hierdie boek sal moet verdiskonteer dat die volgende deel van die reeks 'n bepaalde konkretisering wil bring van wat hier prinsipieel gestel word. In sodanige konkretisering kom die draagwydte van 'n standpunt dikwels eers ten volle uit. 'n Opmerklike voorbeeld hiervan kom trouens tog reeds in hierdie deel voor. Dit gebeur in die onderafdeling waar die skrywer die hel as 'n gevolg van die sonde behandel. Rondom hierdie aspek word die prinsipiële posisiekeuse van die skrywer tot in sy uiterste(!) konsekwensies deurdink.

Die volgende aanhaling illustreer die wyse waarop 'n sentrale lyn van die hele studie deurgetrek word:

> Vanselfsprekend sal daar 'n onderlinge verband wees tussen ons mensbeskouing, ons sondebeskouing en ons siening van die gevolge van die sonde (ons strafbeskouing). As die mens 'n verhoudingswese is wat bestem is om in 'n liefdesverbond te leef, sal sonde by uitstek met verbondsverbreking (o.a. liefdeloosheid, selfliefde) verband hou, en sal onder die gevolge van die sonde die eensaamheid en vervreemding van die mens ter sprake kom. As uiterste vorm van eensaamheid en vervreemding kan die dood genoem word, met siekte as 'n voorvorm van die dood en die ewige dood of die verderf as die finale vorm van die dood. (p. 200.)

Deur die 'verskriklike' leerstuk van die hel in hierdie verbande te behandel, bring die skrywer 'n heilsame korreksie aan op sienings wat die verderf vanuit God se wese en sy ewige raadsplan op 'n monistiese wyse 'deursigtig' wil maak. Vir elke predikant wat worstel om die hel Bybels-verantwoord in die prediking ter sprake te bring, is hier inderdaad baie stof tot nadenke!

Hierdie ryk dogmatiese boek bied stimulerende perspektiewe. Die skrywer se bespreking van vryheid, dankbaarheid en vreugde - om slegs enkele onderwerpe te noem - is 'n fees! Sy afwysing van 'n mensbeskouing waarin daar 'n konkurrensie tussen God en mens ingebou is, verdien ook waardering. Watter gereformeerde sal verder nie die fundamentele klem op die verbond verwelkom nie? 'n Kritiese vraag moet egter gestel word by die opmerking dat "'n ou Gereformeerde verbondsteologie (daar word na Schilder, Kamphuis e.a. verwys - PPK) vandag nog in 'n groot mate veral in die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika voortleef" (p. 14,15). Dokumentasie vir hierdie etiketterende opmerking ontbreek egter. 'n Mens vra jou af watter doel so 'n ongedokumenteerde oordeel hier dien. Juis omdat die skrywer se uitgesproke ekumeniese teologie in die algemeen so gewaardeer kan word, sou mens in hierdie verband eerder 'n stimulerende diskussie as 'n polariserende formulering verwag het.

Die tegniese versorging van die boek is, globaal gesien, goed. Vir 'n hersiene uitgawe is die getal ontsierende drukfoute egter te hoog (bv. pp. 28, 31, 86, 99, 134, 233; asook Inhoudsopgawe, 10 - is dit hoofstuk?).

Samevattend: 'n Waardige toevoeging tot ons Afrikaanse, dogmatiese literatuur! Dit sou dwaas en verarmend vir 'n dogmaties-geïnteresseerde predikant of lidmaat wees om nie aan König se denke blootgestel te wil word nie. Die 'nie-seksistiese' taalgebruik sal dit vir sommige vroue miskien makliker maak om te lees.

Instituut vir Reformatoriese Studie. 1990. Venster op mag en geweld - Reflections on Power and Violence.
Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. Prys R25,00.

Resensent: J.M. Vorster (Dept. Ekklesiologie, HTS/PU vir CHO)

Mag en geweld is tans baie aktuele temas in Suid-Afrika. Dit alleen bring mee dat so n bundel soos bogenoemde in 'n groot behoefte voorsien. Die leser wat vanuit die huidige Suid-Afrikaanse agtergrond die artikels bestudeer, sal nie teleurgesteld wees nie. Die bundel hanteer die vraagstuk van geweld vanuit teologiese, filosofiese, historiese, juridiese, sielkundige, mediese en natuurwetenskaplike hoek op 'n besondere wyse. Vanuit al hierdie dissiplines word ook gepoog om die Christelike beskouing oor geweld so te formuleer dat dit doeltreffend en effektief in 'n moderne situasie toegepas kan word. Hierin, veral, is die bundel besonder geslaagd.

Die historiese oorsigte van Van den Bergh en Pilllay bied 'n goeie aanloop tot die verstaan van die huidige probleem. Uit Van den Bergh se artikel is dit duidelik dat daar nie 'n eenvoudige historiese patroon vir geweld gevind kan word nie. Pillay se wydlopige artikel bied 'n interessante oorsig maar kontrolerings van sy afleidings is moeilik vanweë 'n swak biografiese styl. Daarby kan gevra word of hy Calvyn (p. 138) korrek interpreteer. Dit blyk dat hy in sy verklaring van Romeine 13 hom ook totaal beroep op Paulus se konteks en te min rekening hou met die teologiese betekenis van die gedeelte. Hierdie soort eksegese het implikasies vir sy beoordeling van geweld.

Die bydraes van Van Wyk en Villa-Vicencio is baie waardevol en genuanseerd. Hulle wys ten minste uit dat reaksionêre geweld nie op 'n al te simplistiese wyse gehanteer moet word nie. Van Wyk gee belangrike etniese riglyne maar Villa-Vicencio neig om die geskiedenis normatief te maak en dit is 'n gevaarlike verleiding in die debat oor geweld. Van den Bergh se artikel wys juis uit dat historiese raakpunte nie so maklik aan te dui is nie. Tereg sê Villa-Vicencio egter dat die volledige demokratiese proses die eintlike antwoord is op geweld.

Floor hou hom besig met die vraagstuk van geweld in 'n Bybelse konteks. Die gedeelte vanaf p. 58 tot p. 64 behandel die Bybelse lig op 'n oorredende wyse. Ongelukkig word die gedeelte voorafgegaan deur 'n eensydige inleidende beskrywing van die huidige reaksie op geweld in Christelike kringe. Die minuspunt kan gewyt word aan die gebruik van te veel sekondêre bronne. Dit is egter nie die kern van sy artikel nie en die res van die artikel is van goeie gehalte. Daarenteen is Goudzwaard se artikel moeilik verstaanbaar en lomp geformuleer. Hy waarsku teen die heerskappy van ideologieë en definieer die begrip ideologie skerp. Die vraag is egter: kan die Christen hom volkome van ideologieë bevry? En hoe? Hieroor is baie besinning nodig.

Ayee se artikel is populêr-wetenskaplik. Hy poog nie om die saak wetenskaplik te beredeneer nie. Sy uiteensetting van wat werklike vervolging van die kerk beteken is baie aangrypend en dra by tot die aktualiteit van die hele boek.

Vyf ander artikels uit verskillende hoeke moet van harte aanbeveel word. Robinson en Olivier kyk na regsaspekte rondom geweld en Du Toit na sielkundige oorwegings rondom die edeler motief as faktor in sosiale geweld. Pretorius skryf oor "Geweld en geneeskunde" en Reinecke oor "Kerngeweld". Hierdie bydraes getuig almal van goeie wetenskaplike kennis. Met die uitsondering van die artikel van Pretorius is almal redelik maklik leesbaar vir die oningewyde in die betrokke dissipline. Hierdie vyf skrywers hanteer ook die Christelike norm oortuigend binne hulle vakwetenskaplike benadering van die probleem.

Wat 'n mens mis in hierdie boek is 'n meer indringende bespreking van die ekonomie-

se oorsake van geweld. Armoede, uitbuiting en werkloosheid as direkte redes vir kriminele en politieke geweldpleging is ook baie aktueel. Waarin is die oplossing geleë? 'n Antwoord hierop sou die boek nog groter waarde gegee het. Afgesien hiervan is die boek egter baie aktueel en lesenswaardig.

BOSCH, DAVID J. 1990. **Transforming Mission.**
Paradigm Shifts in Theology of Mission.
Maryknoll : Orbis. xix + 587 p. R75,00.

Resensent: J.A. van Rooy (Dept. Ou Testament, HTS/ PU vir CHO)

Hierdie publikasie is sonder twyfel een van die belangrikste boeke op die gebied van die sendingwetenskap wat gedurende die tweede helfte van hierdie eeu verskyn het. As 'n mens net een boek oor die teologie van die sending wou lees, sou hierdie die aangewese een wees. (Met sendingteologie word dan bedoel die hele teorie van sending: vraagstukke soos die aard van sending, wat die omvang van sending is, sendingsmotiewe, die doel van sending, en alles wat daarmee saamhang.)

Die eerste deel, hoofstukke 1 tot 4 handel oor Nuwe-Testamentiese sendingsmodelle, met spesiale aandag aan Matteus, Lukas en Paulus. Hier kan 'n mens duidelik merk dat Bosch oorspronklik in die Nuwe Testament gepromoveer het, en deur die jare op hoogte gebly het van die nuutste ontwikkelinge in die eksegetiese wetenskap. Veral die deel oor Matteus is 'n louter genot om te lees.

Deel 2 "Historical Paradigms of Mission" (hoofstukke 5-9), handel oor die vyf sendingparadigmas (=modelle), wat saamhang met vyf eras in die ontwikkeling van die teologie, naamlik dié van die Oosterse (Griekse) Kerk met sy sterk sakramentele aard; dié van die Rooms-Katolieke Kerk met sy verindividualisering en gevolglike verkerkliking van die geloof; dié van die Protestantse Reformasie met die herontdekking van die persoonlike geloof en die teokratiese ideaal van die Puriteine; dié van die Verligting met sy rewolusionêre invloed op die denkpatroon van die Weste, teoloë ingesluit, wat tot in die twintigste eeu die teologie en sendingpraktyk oorheers het, en laastens dié van die moderne ekumeniese periode.

In deel 3 (hoofstukke 10-13) trag Bosch om die ontwikkeling van die sendingteologie in die toekoms uit te stippel, en sluit hy af met grondlyne van 'n sendingteologie gebaseer op die ses groot heilsgebeure van die Nuwe Testament: die vleeswording, die kruis-

dood, die opstanding, die hemelvaart, Pinkster en die wederkoms. 'n Mens wil die hoop uitspreek dat Bosch die geleentheid sal vind om hierdie temas verder uit te werk, veral in die lig van die feit dat in verskillende teologiese tradisies daar telkens die neiging was om een van hierdie ses temas ten koste van al die ander te verabsoluteer. Die boek word gekenmerk deur Bosch se bekende gebalanseerdheid in sy beoordeling van opinies en strominge - iets waartoe hy uitnemend in staat is op grond van sy breë kennis en diepte-insig.

Hierdie boek is belangrik, nie net vir die Missiologie nie, maar ook vir die verstaan van die Kerkgeskiedenis en die Dogmageskiedenis, velde wat Bosch, te oordeel na hierdie boek, in 'n groot mate beheers.

Bosch openbaar hom as verrassend 'gereformeerd', ondanks die feit dat hy in 'n groot mate aansluit by moderne bronneteorieë in sy siening oor die ontstaan van die Nuwe Testament. Hy het blykbaar as begaafde eksegeet die vermoë om die positiewe daaruit te kan gebruik sonder om die gesag en rykdom van die Skrif te ondermyn. 'n Mens kan dankbaar wees dat dit iemand soos hy was aan wie die geleentheid gegun is om 'n toonaangewende werk oor sendingteologie te skryf - iemand wat die Here ken en sy Woord liefhet. Daarom word die relatiwisme van die humanistiese godsdiensbeskouing afgewys, en word byvoorbeeld die standpunt gehandhaaf dat sending onder die Jode nog steeds 'n dringende opdrag is. As daar een opsig is waar sy aksente van 'Dopper-gereformeerdes' verskil, dan lê dit daarin dat hy in die *marturia* van die kerk aspekte van sending soos *diakonia* en *koinonia* gelykwaardig aan *kerugma* stel, terwyl ons die prioriteit van die Woordverkondiging handhaaf sonder om die ander aspekte van *marturia* te verwaarloos.

My enigste afwysende kritiek geld sake waar Bosch hom op ander terreine as dié van die teologie begeef en betoog (p. 357) dat die armoede van die Derde Wêreld eintlik maar hoofsaaklik die skuld van die Eerste Wêreld is. Myns insiens is dit ekonomies onjuis om te beweer of te impliseer dat die Derde Wêreld enigsins beter af sou wees as die Eerste Wêreld van die aardbol af sou verdwyn!

Ten slotte is dit 'n verkwikking om in 'n boek van byna seshonderd bladsye geen enkele drukfout raak te lees nie.

Van harte aanbeveel.

FISHER, NEAL F. 1990. The Parables of Jesus. Glimpses of God's Reign.
New York : Crossroad. 178 p. Prys $ 9,95.

Resensent: J.P. Bingle (Gereformeerde Kerk Middelburg Tvl.)

Hierdie publikasie het voorheen (in 1979) verskyn onder die titel *The Parables of Jesus: Glimpses of the New Age* en is toe gepubliseer deur die Women's Division, Board Global Ministries, United Methodist Church. Die skrywer is predikant van bogenoemde kerk en professor aan die Garrett-Evangelical Theological Seminary. Die doel van die studie, soos deur Fisher self gestel in die voorwoord van hierdie hersiene uitgawe (p. xiii), is om 'n tematiese ordening van die gelykenisse van Jesus te probeer bied. Dit bring mee - uiteraard - dat die aanpak sterk openbaringshistories van aard is. Die vertrekpunt is die koninkryk van God ("reign of God") en die skrywer toon dan aan dat die gelykenisse juis iets deurflits van hierdie sentrale tema in die openbaringsgeskiedenis. Daarna verwys die sub-titel ook. Die outeur verklaar verder uitdruklik dat alhoewel literêre vraagstukke belangrik is, dit nie deel is van die sentrale fokuspunt van die studie nie. Daar word nie na die gelykenisse as literêre werke gekyk nie, maar tematies vlugtig gekyk na die omvattende heerskappy van God wat in sy Seun deurgebreek het in 'n ou bedeling ("age") om die werklikheid van die begin van 'n nuwe toekoms te proklameer. Dit is dus nie 'n studie van 'n bepaalde literêre genre nie, maar van 'n openbaringstema soos dit in die genre van gelykenisse geopenbaar word.

Wat die benaderingswyse betref, word deurgaans gepoog om eers vas te stel wat Jesus presies gesê het en wat die betekenis van sy woorde was vir die eerte hoorders van die gelykenisse. Daarna, as 'n soort aktualisering van die geopenbaarde waarheid, word vasgestel wat die gelykenisse in *ons* openbaar. " ... we shall seek both to interpret the parables and allow them to interpret us" (p. 3). Hierdie benaderingswyse is effektief en geslaagd, want dit sorg dat die aandag van die leser behou word en is veral belangrik by die behandeling van sulke bekende stof soos die gelykenisse. Die boek bestaan uit drie hoofdele, naamlik (1) "The Coming of God's Reign", (2) "Entering God's Reign" en (3) "Living in God's Reign". Aan die einde verskyn 'n *Appendix* waarin verskillende soorte gelykenisse kortliks onderskei en gedefinieer word, naamlik die *similitude*, die *parable proper*, die *illustration* en die *allegory*. (Dit kan maar eers aan die einde van die boek staan en laaste gelees word, want die onderskeidinge figureer eintlik glad nie in die boek nie.) Verder is daar ook 'n biografie (ter sake en redelik uitgebreid), 'n oorsig oor die verspreiding van die 46 gelykenisse in die Sinoptiese Evangelies, 'n indeks van Skrifverwysings en 'n indeks van aangehaalde outeurs.

Iets meer oor die verdeling van die inhoud in die drie hoofdele:

Deel I In dié deel (p. 7-36) word aandag gegee aan aspekte soos die verhouding tussen die twee bedelings ("ages"), die belang van die gelykenisse in Jesus se proklamering van die koninkryk, sy gebruik daarvan, ensovoorts.

Deel II Hierdie deel beslaan verreweg die grootste gedeelte van die boek (p. 39-133) en is die eintlike behandeling van die onderwerp. 44 van die 46 gelykenisse wat in die Sinoptiese Evangelies voorkom, word behandel aan die hand van vyf hooftemas, naamlik

- *The Irruption of God's Reign* (onderverdeel in drie subtemas)
- *The Joy of God's Reign* (met twee subtemas)
- *Gods Reign as Reversal of Conventional Notions* (drie subtemas)
- *The Response Required* (vyf subtemas)
- *Assurance of God's Reign* (drie subtemas)

Deel III In die laaste deel word terugskouend gehandel oor die wêreld van die gelykenisse en die huidige leefwêreld. Verder word op die toekoms gefokus: die koninkryk van God soos dit deurflits in die gelykenisse bring die gawe van nuwe verwagting en hoop in die ou wêreld. Mense wat deur die gelykenisse geïnterpreteer word en reageer (dit is die kerk), word dan 'n gelykenis van God se regering.

Elke hoofstuk, in al drie dele, word afgesluit met vrae en aanbevole metodes om die inhoud te laat insink.

Moontlike *negatiewe kritiekpunte* sou die volgende kon wees:

- Die voetnote wat aan die einde van elke hoofstuk verskyn, bring mee dat telkens rondgeblaai moet word. Die voetnote, waarvan daar ook maar heelwat minder kon wees, moes liewer onderaan die bladsy verskyn het, of nog beter: kon met 'n alternatiewe lettertipe en spasiëring in die stof verwerk gewees het.

- Die *tertium comparationis* van die verskillende gelykenisse is moontlik nie altyd suiwer uitgewys nie. As voorbeeld kan verwys word na die gelykenis van die ryk man en Lasarus (Luk. 16:19-31) wat op p. 81-83 behandel word. Die skrywer se konkluderende opmerking by hierdie gelykenis is:

> Jesus used this parable as a description of God's Reign. In seeing Lazarus transported to the bosom of Abraham on angels' wings, while the one who withheld crumbs of bread from his pleads for mercy from Hades, we are glimpsing the reversal of conventional notions wrought by the coming Reign of God. ... To elect for the Reign of God is to see Lazarus and all other features of our everyday life in radically new context.

Die fokuspunt van dié betrokke gelykenis word so geformuleer omdat dit onder die hooftema *God's Reign as Reversal of Conventional Notions* en die subtema *Who is Righteous*? behandel word. Dit is myns insiens die gevaar wat skuil in so 'n tematiese benadering: sisteemdwang in die sin van 'temadwang' kan maklik insluip en die aandag wegvoer van die werklike vergelykingspunt van die gelykenis. In dié geval is dit tog duidelik dat dit geleë is in die gevaar van onderskatting van die genoegsaamheid en die duidelikheid van die (geskrewe) Woord van God. Meer gevalle van 'n kunsmatige indwing van gelykenisse onder temas en subtemas kom voor, byvoorbeeld ook waar twee gelykenisse wat verskil in fokus en beklemtoning saamgegroepeer word.

Positiewe aspekte van die publikasie is die volgende:

- Die behandeling van die stof is sistematies en maklik volgbaar. Die skrywer moet gelukgewens word met sy deel-vanuit-die-geheel-benadering. Daardeur is die openbaringshistoriese betekenis van die gelykenisse in die breë *historia revelationis* blootgelê en in konteks geplaas - iets wat dalk te min gebeur by die behandeling van lerende stof, en veral die gelykenisse. Wat neig om 'n swak punt te wees, is inderdaad ook die winspunt en sterk punt van hierdie studie.

- Die prinsipiële grondslag, soos uiteengesit in Deel I en III, is suiwer.

- Die skrywer slaag goed daarin om die gelykenisse se aktuele betekenis vir die moderne tyd uit te lig.

- Die publikasie is goed versorg.

Ten slotte: dit is die moeite werd om die boek ter hand te neem en te lees as teologiese besinning, maar ook as verrykende stof vir die nie-teoloog.

PIETERSE, H.J.C. 1991. Gemeente en prediking.
Pretoria : NG Kerkboekhandel 160 p. Prys R61,00.

Resensent: G.C.P. Labuscagne (Geref. Kerk Bloemfontein-Bloempark)

Hierdie boek van prof. Pieterse is die derde in sy homiletiese reeks en handel oor sy gemeenteteorie waarin hy veral aandag gee aan empiriese navorsing wat hy in 'n aantal gemeentes gedoen het oor die 'tuiskoms' van die preek.

In sy navorsing onderskei Pieterse tussen drie 'tipes' gemeentes: gemeentes wat ingerig is volgens (1) die liggaam-van-Christus-model, (2) die herder-kudde-model en (3) 'n oorgangsvorm van model 2 na model 1.

Hy kom dan tot die volgende gevolgtrekkings:

* Ervaringe van 'n ontmoeting met Christus tydens die preek verskil nie in die verskillende 'tipes' gemeente-inrigting nie.

* Die ervaring van 'n ontmoeting met Christus tydens die preek lei tot 'n individuele verstaan van die boodskap van die preek by lidmate tydens die hoor van die preek.

* Hoe hoër die peil van groepsinteraksie en -verhouding tussen lidmate, hoe hoër is die korporatiewe verstaan van die boodskap van die preek.

* 'n Gemeente-inrigting wat die liggaam-van-Christus-model implementeer, is meer geneig om groepsinteraksie en -verhoudinge asook korporatiewe verstaan te vertoon as 'n gemeente-inrigting wat die herder-kudde-model implemementeer (bl. 34).

In hoofstuk 2 werk Pieterse sy gemeenteteorie uit. Hy beklemtoon dat dit baie noodsaaklik is om 'n helder beeld van 'jou kerkbeskouing' te hê as jy die homiletiese proses in gedagte hou. Hy ag dit ook deurgaans as van baie groot belang dat die gemeente aan die prediking moet kan deelneem. Op hierdie wyse, sê hy, word die moontlikhede vir kommunikasie van die evangelie verhoog.

Hy kies die liggaam-van-Christus-model as sy 'ideale' model omdat dit dan Skriftuurlik is en die beste pas in ons huidige samelewingsituasie.

In hoofstuk 3 werk Pieterse 'n 'hermeneutiek van die hoorder' verder uit. Hy wys daarop dat daar in die verlede hoofsaaklik aandag gegee is aan die prediker se verstaan van die Skrifteks met die oog op die preek, maar dat weinig aandag gegee is aan dit wat tussen die boodskap van die preek en die hoorders afspeel.

In hierdie proses gaan dit ten diepste om die hoor en die verstaan van die preek. Die hoorder verstaan die preek binne sy teologiese raamwerk en tradisie. Hierdie teologiese tradisie is ingebed in al die aktiwiteite en verhoudinge in die gemeente en het sy spitspunt in die erediens. Binne hierdie konteks geskied die verstaansproses.

In die laaste hoofstuk word 'n praktykteorie vir gemeentedeelname aan die prediking

uitgewerk asook sy eie 'kontoere vir 'n homelitiek'.

Hierdie werk van prof. Pieterse is 'n baie waardevolle en uiters aktuele bydrae in die Suid-Afrikaanse teologie, en meer spesifiek in die vak Homiletiek. Dit is veral belangrik dat die boek gelees moet word teen die agtergrond van sy deeglike empiriese navorsing. Daarom is die boek terselfdertyd vir enige predikant of belangstellende gemeentelid geskik as toerustingsmateriaal vir die praktiese bediening.

PRINSLOO, W.S. 1991 Die Psalms leef! 'n Eksegetiese studie van Psalm 3, 15, 23, 112, 131, 136, 148. Halfwayhouse : NG Kerkboekhandel. 136 p. Prys: $ 24,95 PB.

Resensent: E.J. Smit (Dept. Bybelkunde, PU vir CHO)

Prof. Prinsloo hou hom in die jongste tyd ernstig besig met 'n studie van die onderskeie Psalms: die indrukwekkende literatuurlys agter in die boek en die verwysing na sy eie publikasies oor die Psalms getuig al daarvan. Die skrywer sê self in die inleiding dat hierdie studie 'n voortsetting is van sy psalmnavorsing. Die bespreking van elkeen van die agt psalms wat hier aan die orde kom, lewer ook bewys van besonkenheid en 'n oordeel wat berus op ervaring met die soort teks wat behandel word.

Hier kom egter net agt psalms aan die orde, maar Prinsloo motiveer nie die seleksie van die agt psalms wat in hierdie publikasie bespreek word nie. Al agt die psalms is baie bekend, en daarom is dit sekerlik goed dat juis hulle onder bespreking kom, maar die seleksie het iets van 'n willekeurigheid wat 'n mens laat wonder of daar 'n breër plan van navorsing daaragter sit. Dit kom egter nie na vore nie.

Die bespreking van Prinsloo moet met die een oog op die Hebreeuse teks (wat netjies afgedruk staan), en die vinger op die Afrikaanse vertaling (dié van die Nuwe Afrikaanse Vertaling, eweneens netjies afgedruk) gelees word. By die Hebreeuse teks word die gewone 'struktuurhakies' bygevoeg om aan te dui hoe die gedig inmekaar sit en watter stiges bymekaar hoort. Dít kom natuurlik uit die bespreking ook na vore, maar die gebruik van die hakies by die Hebreeuse teks gee 'n maklike oorsig daarvan.

In die bespreking van die gedig volg Prinsloo die patroon om eers inleidend enkele algemene opmerkings te maak oor die psalm en die beskouing daaroor, terwyl ook tekskritiese probleme of die gebrek daaraan hier gestel word. Daarna volg 'n analise van die opbou van die psalm met gebruikmaking van stilistiese, sintaktiese en seman-

tiese kriteria. Vervolgens word die literatuursoort of *Gattung* van die psalm bespreek waar ook 'n bespreking oor die *Sitz im Leben*, en probleme in verband met die datering aan die orde kom. Dan volg 'n bespreking van die redaksiegeskiedenis, terwyl die analitiese bespreking afsluit met samevattende opmerkings oor die psalm, ook soms genoem "'n sintese ... met betrekking tot die inhoud van die psalm". Ten slotte volg dan 'n aantal riglyne vir die prediking uit die psalm. Prinsloo maak nie 'n keurslyf van hierdie patroon nie, maar die een onderwerp vloei as 't ware in die ander oor.

Dit is sekerlik in die analise van die opbou van die psalms wat hy bespreek waar Prinsloo die sterkste deurkom. Hy volg die lyne wat uit sy analise voortvloei konsekwent na, en kom daardeur soms tot verrassende insigte. Die analises is soms moeisaam en nie altyd maklik om te volg nie, maar Prinsloo sê self (in sy inleiding) dat hierdie nie "ontspanningslektuur" is nie. Tog kon die redenasie om tot 'n sekere konklusie te kom, plek-plek eenvoudiger aangebied gewees het, byvoorbeeld in die bespreking van Psalm 23 die aanduiding van die funksie van vs. 4b (p. 36-37). Dit begin met die vraag waarmee vs. 4b verbind moet word. Eers word geredeneer dat as gevolg van die verandering van subjek (van 4a), 4b hom nou onderskei van die voorafgaande. Dan word vasgestel dat 5a en 5b dieselfde subjek het as 4b en daar dus 'n noue band tussen 4b en hierdie twee verse is. Maar daar is op grond van die werkwoordsvorme ook 'n sterk ooreenkoms van 4b met 6a; in albei gevalle word verwys na die versorging en goedheid van Jahwe. Daarna word dan vasgestel dat ten spyte van die onderskeid, daar tog 'n noue band van 4b met die voorafgaande stiges is, as gevolg van die inleidingspartikel, ên as voortsetting van die herdermetafoor. Daarom is die uiteindelike konklusie dat 4b 'n sterk band met sowel die voorafgaande as die daaropvolgende stiges het.

Ten spyte egter van die bladsy-volle en moeisame redenasie om tot hierdie konklusie te kom, is die vasstelling van die posisie van 4b as skarnier in die struktuur van die psalm baie sinvol, en kan die finale beskouing oor die aard en funksie van die psalm sterk hierop steun.

Die wyse waarop Prinsloo hom losmaak daarvan om 'n psalm in een of ander spesifieke *Gattung* te forseer, is in 'n sekere sin nogal bevrydend (kyk p. 21). Hierteenoor stel hy, soos by die bespreking van Ps. 136, dat dit beter is "om elke teks van die Ou Testament ... as 'n unieke, eiesoortige teks te beskou" wat op die eie meriete beoordeel moet word. Hiermee word natuurlik nie ontken dat (Ps. 136) geykte *Gattungs*-elemente bevat nie. Die digter wend die verskillende elemente egter op eiesoortige manier aan ten einde 'n spesifieke doel te bereik (p. 102). Hy stel dan dat dit beter is om te vra: "Hoe funksioneer hierdie teks? Wat wil die teks met die leser - of dan die gemeente wat dit hoor of self sing - bereik?" (p. 102).

Dieselfde benadering volg Prinsloo byvoorbeeld ten opsigte van Psalm 15: "Die belangrikste stelling wat ek wil maak is dat die psalmnavorsing, in die algemeen, ... geneig is om die psalm in 'n voorafgefabriseerde *Gattung*-hokkie in te dwing en verder om die hele interpretasie van die psalm te laat lei deur 'n hipotetiese *Sitz im Leben*. Hierop sou ek wou sê dat elke teks as 'n unieke stuk literatuur beskou moet word wat nie noodwendig in 'n Gunkeliaanse Gattungsaanduiding hoef in te pas nie. Die interpretasie moet hom primêr laat lei deur die poëtiese rekonstruksie van die huidige teks en nie deur die teoretiese rekonstruksie van 'n veronderstelde agtergrond nie ...." (p. 22); en ten opsigte van die bespreking van Psalm 23 sê hy: "Daar moet eerder gevra word na die funksie van die psalm as om die teks by 'n *Gattung* in te forseer. Om die psalm by 'n *Gattung* in te deel op grond van 'n vermeende kultiese of historiese *Sitz im Leben* (vgl. byvoorbeeld Vogt, Merrill, Mittmann en Smith) of vermeende Nabye Oosterse parallelle (cf Van Zyl) is té hipoteties en beteken dat iets by die teks ingedra word wat die totale interpretasie van 'n teks in 'n rigting dwing" (p. 40). Tog is Prinsloo nie ongeneë om *Gattungs*-tipering te aanvaar as dit nodig blyk nie, en huiwer hy nie om byvoorbeeld Psalm 112 ten opsigte van sy *Gattung* as 'n wysheidspsalm te aanvaar nie (pp. 63-65).

Dit is 'n vraag of Prinsloo reg doen aan die psalmnavorsing in die breë met sy algemeen gestelde kritiek teen die geforseerde *Gattung*-aanduiding. Van die skrywers na wie hy krities verwys, het drie in die vyftiger- en sestigerjare geskryf (Vogt, Merrill en Van Zyl), en alreeds in 1966 het C. Barth *Introduction to the Psalms* geskryf, en dit is byvoorbeeld goedkeurend aangehaal deur H-J Kraus (*Psalms 1-59. A Commentary* - vertaling in 1988, van die oorspronklike in 1961/78): "Even the best and most complete system will fail to include a considerable number of psalms, which it is either impossible to fit into any category, or which can be included only by a forced interpretation."

Wanneer Prinsloo hierteenoor stel dat daar eerder gevra moet word na die 'funksie' van die psalm, is dit tog nie duidelik na watter tipe hy verwys nie. Indien daar vir Prinsloo slegs veralgemeende 'tipes' oorbly, word dit 'n vraag of hy indringend genoeg aandag gee aan die korrelasie tussen die psalms en die ander (kultiese) aanbiddingsvorme van Israel.

Hierdie benadering, en ook verskeie ander elemente wat in sy analise van die verskillende tekste na vore kom - vra natuurlik daarvoor dat Prinsloo uiteindelik moet kom tot 'n oorsigtelike beskouing van die boek Psalms waarin hy sy siening oor die herkoms van die liedere en die funksionering daarvan in die Israelitiese gemeenskap verantwoord, sodat hy daaruit ook sy benadering van die analise van die gedigte kan begrond. Hopelik werk Prinsloo alreeds aan so 'n prolegomena.

Die kort riglyne vir die prediking van die psalm wat aan die einde van die bespreking van elke psalm voorkom, gee iets weer van 'n dubbelslagtige hantering. Die riglyne is nie op dieselfde vlak as die analise van die psalms nie. As dit vir die toegewyde student van die Hebreeuse teks van die Psalms bedoel is, sou die riglyne vir die prediking in sy huidige vorm óf weggelaat kon word, óf sou dit in 'n meer organiese vorm by die teks moes aansluit, en miskien dan ook meer uitgebreid en gemotiveerd behandel moes word. Die riglyne is egter eerder op die vlak van die algemene leser, maar vir so iemand is die hele analise weer te tegnies. As die boekie vir die predikant bedoel is wat dit wil gebruik vir sy eie studie ter wille van prediking in die kerk, sou 'n mens verwag dat die riglyne meer geïntegreer moes word met die teologiese momente van die Ou Testament in sy geheel - die psalms het tog sy ontstaan uit die geloofservaring van die mense van die Ou Testament - met 'n blik oor die Nuwe-Testamentiese lig op die Psalms, wat in die riglyne van sommige psalms wel na vore kom, maar nie baie indringend nie.

Tog is die boek, ten spyte van sy beperkte omvang en die skynbaar willekeurige seleksie van psalms, geslaagd, en Prinsloo kom vorendag met heelwat sprankelende insigte in sy ontleding van die betrokke psalms. Met sy rustige en duidelike skryfstyl is dit 'n aangename ervaring om hierdie bekende psalms onder sy leiding weer te beleef en te deurdink.

OLIVIER, S.P. 1988. Fokus op gelofte.
Pretoria : NG Kerkboekhandel. 73 p. R21,50.

Resensent: Bouke Spoelstra (Dept. Diakoniologie & Missiologie, PU vir CHO)

Hierdie publikasie stel 'n aktuele en omstrede onderwerp, naamlik die Gelofte van 9 tot 15 Desember 1838 aan die orde. Die kardinale vraag of die Gelofte daadwerklik 'n bepaalde dag soos 'n sabbat wou uitlig, word nie gestel of beantwoord nie.

Die skrywer behandel die onderwerp vanuit sy persoonlike visie op die Afrikanervolksteologie en dra sy eie godsdiensreligieuse interpretasie aan die geskiedenis op (vgl. 2 e.v., 7-12, 13 e.v., ens.). Die skrywer ignoreer doelbewus 'die ander kant' (6). Die boek begin met 'n "samevatting" (7 e.v.) waarin die Gelofte "omvattend" as die getermineerde resultaat van God se voorbereiding tot die gelofte in die volksbou aan die Afrikaner verabsoluteer word (hfst. 2). Die Gelofte word as nasionale "geloofsbelydenis" (9) beskou met die liberale staatsidee van die "land en al sy mense" tot Suid-

Afrikaners beperk (2,16).

Die visie van die skrywer op die geskiedenis herinner aan die romantiek en verheerlik "die aard van die Trekkerskomponent" (hfst. 3) en historiese figure (Jan van Riebeeck, 15 e.v., Retief, 28 e.v., Paul Kruger, 33 e.v.) wat met die Gelofte niks te doen het nie. Die Gelofte wat Gerdener in 1925 struktureer (36) word as dié Gelofte van 1838 aangedien op gesag van die"Trekkersprofeet Sarel Celliers" (hfst. 4), terwyl Gerdener die outeur daarvan is. Die bewoording pas nie by die gebedsvorm waarin die Gelofte tydens die laergodsdiens gedoen was nie en die historiese dokumente (Bantjes se dagboek, Pretorius se brief in die pers) word nie gebruik nie. Volgens die getuienis het die Kommandant die Gelofte geïnisieer uit sy spontane belewing van sy verantwoordelikheid in 'n noodsituasie. Dit pas by die godsdiensbelewing en laergodsdiens van die Voortrekkers. Om dit aan die Ned. Geref. Kerk as 'struktuur' (wat maar pas in 1824 tot stand gekom het) toe te skryf - 'n struktuur wat hom in 1837 radikaal teen die Voortrekkers uitgespreek het - is onjuis en is kerkisties tendensieus (vgl. 29, 31) ten opsigte van "dié Kerk en sy Gees" (sic met hoofletter) wat die Voortrekkers "verteenwoordig".

Dit is byna ongelooflik dat 'n skrywer oor dié aktuele onderwerp kan handel sonder om in gesprek met F.A. van Jaarsveld, B.J. Liebenberg en selfs met meer populêre en semi-teologiese beskouings in gesprek te tree. In hierdie opsig maak die boek geen wetenskaplike bydrae nie.

Die teologie rondom "gebed as ... voorloper van gelofte" (hfst. 5) en die Gelofte as "Verbondstestament van 'n volk" (hfst. 6) is uiters subjektief, met Thielicke en 'n paar willekeurig gekose tekste as enigste gesag. Was die Gelofte bedoel om 'n "verbond" aan te gaan (10 e.v., 40 e.v.), 'n nuwe werkverbond deur middel van gebed waarin God goeie werke beloon (40 e.v., 52,55)? Die Gelofte het slegs belooof dat indien God aan die Voortrekkers die oorwinning sou gee, hulle 'n kerkgebou sou daarstel en hulle kinders gedurig van God se sorg en sy gawe van die oorwinning sou vertel. Praat die Gelofte nie eerder van belewing of 'n antwoord op die verbond wat God met sy gelowige volk aangegaan het en waarvan hulle doop getuig nie? Op talle ander teologiese uitsprake, byvoorbeeld oor geloftes (3 e.v., 8) gaan ons nie verder in nie.

As vertrekpunt kan genoem word dat die skrywer geneig is om te veralgemeen, subjektiewe insigte te gee en te werk met volksteologie. Die aanpak laat dink aan 'n volkstoespraak sonder selfs 'n populêrwetenskaplike 'fokus op die gelofte".

Die publikasie is baie netjies in hardeband uitgee.

VAN DER WATT, JAN G. 1990. Here, nou verstaan ek u beter.
Na aanleiding van beelde in die Johannesevangelie.
Pretoria : Orion. 55 p. Prys R19,50.

Resensent: B.J. de Klerk (Geref. Kerk Potchefstroom-Noord)

Van der Watt probeer in hierdie publikasie om Johannes se boodskap in sy skoonheid en eenvoud te beklemtoon. Hy konsentreer op die beelde wat die evangelis gebruik en probeer om dit in die boek te verduidelik aan die leser van vandag.

Die publikasie bestaan uit vyf hoofstukke wat handel oor die persoon van Jesus, die sien van God in Jesus, die redding van Jesus, die lewe van die Christen en die sorg van God in die toekoms.

Die werk wil nie in die eerste plek 'n wetenskaplike publikasie wees nie, maar is baie populêr geskrywe sodat dit selfs vir die jong tiener toeganklik is. Baie van die dinge waaroor dit gaan is vir die meer ervare leser bekende dinge, maar vanuit die hoek waarin dit beskryf word, is dit vars en aangenaam om deur te werk. Die beelde van die bruidegom en die herder word baie duidelik by die lees van hoofstuk een en vyf en sommige van die ander beelde word ook verhelderend verklaar. Hy wend 'n poging aan om die beelde wat Johannes gebruik, bymekaar te sit om sodoende 'n oorsig oor die grootste deel van Johannes se boodskap te kry.

Die boekie is geskik vir persoonlike Bybelstudie en vir die jong leser om die evangelie volgens Johannes beter te kan verstaan.